AFRIKAANS

DIE PUBLIEK SE GIDS

# #RSABUDGET2024

'n Gesamentlike publikasie van die Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

#RSA Budget | #RSABudget2024

UITGEREIK DEUR
national treasury
Department: National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: (012) 315 5100
Media@treasury.gov.za
www.treasury.gov.za

INLIGTING

**WAT IS DIE BEGROTING?**

Jaarliks, gedurende Februarie, maak die Minister van Finansies die Nasionale Begroting bekend vir die regering se uitgawe-, belasting-, en leningsplanne vir die volgende drie jaar. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.

**HOE WORD DIE BEGROTING OPGESTEL?**

1. Departementele riglyne, met begrotingsinligtingvereistes, word uitgereik
2. Departemente prioritiseer hulle programme, stel bestedingsplanne en verbintenisse tot dienslewering op
3. Begrotingsvoorstelle word by die Tesourie ingedien en oorweeg
4. Interdepartementele komitees van Direkteurs-generaal oorweeg toekenningsvoorstelle
5. Aanbevelings word aan die Ministersbegrotingskomitee gemaak
6. Die Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring gee 'n aanduiding van die komende begroting
7. Finale toekennings word deur die Kabinet gemaak
8. Begrotingsdokumente word voorberei
9. Hoofbegroting word ter Tafel gelê
10. Parlement debatteer en aanvaar die Begroting
11. Stuur na die President vir ondertekening om dit 'n Wet te maak



**MR. ENOCH GODONGWANA**
*MINISTER VAN FINANSIES*

## DIE BALANS TUSSEN VOLHOUBARE PUBLIEKE FINANSIES EN MAATSKAPLIKE BEHOEFTES

**Suid-Afrika se swak ekonomiese prestasie lei na moeilike besluite wat geneem word om te verseker dat die ekonomie kan groei en werk geskep kan word. Sterk en deeglike aksie word benodig om die regering se skuld en tekorte, die gaping tussen wat die regering invorder deur belasting en wat hulle spandeer, te beheer.**

Volgens beraming het die ekonomie slegs 0.6 persent gegroei in 2023 en dit word hoofsaaklik toegeskryf aan die negatiewe impak van 'n tekort aan elektrisiteitsvoorsiening, die vervalle toestand van ons hawens en spoorweglyne, asook die hoë lewenskostes. Die 2024 Begroting dui die regering se toewyding aan tot die groei van die ekonomie deur verbeterde elektrisiteitsvoorsiening en meer betroubare maniere om goedere te vervoer, asook die bou van ander belangrike infrastruktuur soos waterpype, skole en paaie. Die goeie nuus is dat die globale ekonomie behoort meer ondersteunend te word as gevolg van stadiger inflasie en 'n moontlike vermindering van wêreldwye rentekoerse. Sodanig word daar verwag dat die Suid-Afrikaanse ekonomie met 'n gemiddeld van 1.6 persent oor die volgende drie jaar sal groei.

'n Gebalanseerde fiskale posisie sal ekonomiese groei bevorder en ook die mees kwesbare mense in die samelewing beskerm, asook die vermindering van skuld en laer ekonomiese- en fiskalerisiko's. Die regering, in samewerking met die privaatsektor, prioritiseer beleggingsplanne deur gebruik te maak van die vaardighede en hulpbronne van hierdie privaat maatskappye en internasionale finansiële instansies.

Dienslewering en besigheidsbelegging word in die wiele gery deur hoë en groeiende regeringskuld wat die belastingbetalerfondse weg beweeg vanaf die broodnodige regeringsdienste na die betaling van skulddiens. Vanaf 2008/09 het die bedrag van skulddiens verhoog vanaf R54.4 miljard of 7.9 persent van die totale inkomste, tot R356.1 miljard of 18.5 persent van inkomste in 2023/24. Hierdie skulddienskostes verhoog ook vinniger as ekonomiese groei, wat aandui dat die ekonomie nie vinnig genoeg groei om die rente op regeringskuld te betaal nie. Fiskalebeleid sal die gedeelte wat aan skulddienskoste spandeer word geleidelik onder beheer bring.

Die regering sal vir hierdie redes oor die volgende drie jaar meer versigtig spandeer en in sekere gevalle die kostes vir die publieke beursie verminder. Tussen 2024/25 en 2026/27 sal die regering R7.4 triljoen spandeer wat hoofsaaklik sal gaan na kritiese dienste soos gesondheid, onderwys, misdaad bekamping asook nasionale verdediging. Omtrent 60 persent of R3.7 miljard hiervan sal spandeer word aan maatskaplike dienste wat die salarisse van onderwysers, verpleegsters en dokters insluit, en sal ook maatskaplike toelaes betaal. Spandering sal ook die agterstand in onderwys en gesondheidsorg aanspreek asook die besteding aan kapitale projekte wat die fondasie lê vir sterk ekonomiese groei. Die COVID-19 maatskaplike verligtingstoelaag vorm ook deel van die 2024 Begroting.

Die strenger begroting sal ook terselfdertyd beteken dan skuld en skulddienskostes sal teen 2025/26 ophou groei en begin om af te neem, dus maak dit meer hulpbronne beskikbaar vir openbare dienste in die toekoms en maak dit makliker vir besighede en individue om toegang te hê tot finansiële hulpbronne vir hul eie beleggings.



# HERLEEF DIE EKONOMIE DEUR STRUKTURELE VERANDERINGE

**Beurtkrag, die swak spoed en kwaliteit van die hawens en spoorweë, en die swakheid van die openbare dienste draai almal die brieke aan die ekonomie.**

Die regering spreek al hierdie uitdagings aan. 'n Vennootskap genaamd Operation Vulindlela is al vir verskeie jare die dryfkrag agter strukturele ekonomiese hervorming om ekonomiese groei oor die langtermyn te versterk. Die elektrisiteit verskaffing industrie word getransformeer en maak dit makliker en goedkoper vir privaat maatskappye en huishoudings om hul eie elektrisiteit op te wek deur middel van sonpanele en selfs kragstasies in private besit. Daar word verwag dat binne die volgende drie jaar 6 000 MW se grootskaalse projekte meer as R100 miljard werd bedryf sal word. Die regering betaal nou ook 'n groot deel van Eskom se skuld, wat toelaat dat hulpbronne vrylik beskikbaar is om kragstasies te herstel en kragdrade te onderhou, en munisipaliteite mag aansoek doen om skuldverligting vanaf Eskom in ruil vir verbetering in rekeninge en invordering vanaf inwoners.

Die uitdaging van swak hawens en spoorweë het 'n multidissiplinêre benadering nodig. 'n Nasionale logistieke krisiskomitee, voorgesit deur die president, was geskep om die uitdagings wat Transnet, wat Suid-Afrika se hawens en spoorweë netwerk bedryf, in die gesig staar aan te spreek. Transnet se bestuurspan was tydens 2023/24 verander en die maatskappy het 'n nuwe plan van stapel gestuur om sy finansiële situasie en bedrywighede te verbeter. Dit sluit in die verkoop van nie-kern bates, vennootskappe met internasionale en plaaslike maatskappye om dele van die hawens te bestuur en om ook skade aan spoorweglyne en treine te herstel.

Uiteindelik sal die regering stappe neem om die openbare administrasie te professionaliseer asook die bestuur van staatsbesitte ondernemings. Dit sal 'n meer stabiele en aanloklike beleggingsomgewing aankweek.

## 2024 BEGROTINGS HOOGTEPUNT

1. Die maatskaplike loon rekeninge vir 60.2 persent van nie-rente spandering, insluitend gemeenskapsontwikkeling, indiensnemingsprogramme, gesondheid, onderwys en maatskaplike beskerming.
2. Verwant aan die 2023 Mediumtermyn Begrotingsbeleidverklaring (MTBBV) word R57.6miljard oor die volgende drie jaar bygevoeg om die salarisse van onderwysers, verpleegsters, dokters, die polisie en salarisse van ander kritiese dienste te betaal.
3. Die regering sal die uitrol van openbare infrastruktuur aanhits deur vaardighede en finansiering vanaf die privaatsektor in te bring.
4. Vanaf 1 September 2024 sal nuwe pensioenhervorming toegang gee aan 'n gedeelte van die pensioenfonds voor aftrede.
5. Die fiskale tekort sal verminder word en regeringskuld sal stabiliseer teen 75.3 persent van die BBP in 2025/26.
6. Die uitkyk op ekonomiese groei bly stabiel vir die volgende drie jaar. Na verwagting sluit verminderde beurtkrag, laer inflasie en 'n geleidelike herstel in kredietuitbreiding in.

SIEN VOLGENDE BLADSY →



# NAVIGEER KLIMAATSUITDAGINGS: SUID-AFRIKA SE EKONOMIESE VEERKRAGTIGHEID

**Suid-Afrika se kwesbaarheid vir klimaatsgeleenthede soos droogtes, vloede en veldbrande het gelei na gereelde en ernstige natuurrampe, met verhoogde aantal geleenthede en verliese.**

Onlangse rampe soos die Knysna-veldbrande, Durban-storms, Kaapstad se droogte en KwaZulu-Natal se vloede het 'n ernstige uitwerking op toerisme en landbou gehad, met aansienlike gevolge vir regerigspandering en inkomste. Amper 22 miljoen mense is vanaf 1980 geaffekteer, wat gelei het na verliese van R113 miljard. Hierdie geleenthede vererger ekonomiese ongelykheid wat veral die armer gemeenskappe affekteer wat meer kwesbaar is vir klimaatsrampe en die gevolge daarvan, soos verhoogde voedselpryse en kwesbaarheid tot skade.

Die Nasionale Tesourie is besig om 'n ramp-risiko finansieringstrategie te finaliseer in 2024, met die fokus op innoverende finansiering en risiko oordrag om klimaatsrisiko's effektief te mitigeer. Dit is bestem vir regeringsagentskappe en kwesbare gemeenskappe om ekonomiese veerkragtigheid te verbeter en om meer effektiewe rampreaksie en herstel te bewerkstelling. Die strategie mik daarop om die regering se kapasiteit om ramp herstelwerk te versterk en om versekeringsmeganismes uit te brei om te beskerm teen die finansiële lading van natuurrampe.

## WERKSKEPPING

**Die werkloosheidkoers het merkbaar gedaal na 31.9 persent in die derde kwartaal van 2023, die laagste vlak in drie jaar.**

Die presidensiële indiensnemings-inisiatief gaan 'n bedrag van R7.4 miljard in die 2024/25 jaar ontvang. In lyn met hierdie inisiatief het die Departement van Handel en Nywerheid R1.1 miljard vir die Maatskaplike Indiensname Fonds herprioritiseer. Bykomend het die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling R750 miljoen toegewys om die voedselsekuriteit en lewensbestaan programme vir bestaansboere vooruit te gaan.



## 1 REGERINGSBRONNE VAN INKOMSTE IN 2024/25

| Bedrag | Persentasie | Bron |
|---|---|---|
| R1 863.0 milj | 83.3% | BELASTING |
| R332.4 milj | 14.8% | LENINGS |
| R41.9 milj | 1.9% | NIE-BELASTING INKOMSTE |

## 2 REGERINGSUITGAWES IN 2023/24

| Bedrag | Persentasie | Funksie |
|---|---|---|
| R387.3 milj | 16.3% | MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING |
| R382.2 milj | 16.1% | SKULDDIENSKOSTE |
| R324.5 milj | 13.7% | BASIESE ONDERWYS |
| R271.9 milj | 11.5% | GESONDHEID |
| R265.3 milj | 11.2% | GEMEENSKAPSONTWIKKELING |
| R255.4 milj | 10.8% | EKONOMIESE ONTWIKKELING |
| R244.0 milj | 10.3% | VEILIGHEID EN SEKURITEIT |
| R144.0 milj | 6.1% | NASKOOLSE ONDERWYS EN OPLEIDING |

## 3 MAATSKAPLIKE TOELAES

| | 2023/24 | 2024/25 |
|---|---|---|
| STAAT OUDERDOMSTOELAAG | R2 085 | R2 185 |
| STAAT OUDERDOMSTOELAAG OUER AS 75 | R2 105 | R2 205 |
| OORLOGSVETERANETOELAAG | R2 105 | R2 205 |
| ONGESKIKTHEIDSTOELAAG | R2 085 | R2 185 |
| PLEEGSORGTOELAAG | R1 125 | R1 180 |
| SORGAFHANKLIKHEIDSTOELAAG | R2 085 | R2 185 |
| KINDERONDERHOUDSTOELAAG | R505 | R530 |

**19.7 miljoen**
mense wat maatskaplike toelaes teen **Maart 2027** sal ontvang

*Die Begroting sal die waardes van permanente toelaes in lyn met inflasie laat toeneem.*

## 4 DIE BEGROTING STEUN EKONOMIESE GROEI, WERKSKEPPING EN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

**1.3 persent**
**werklike BBP-groei** word in 2024 verwag, voordat dit tot **1.8 persent** in 2026 sal verbeter

**60.2 persent**
van die totale regeringspandering word toegewys vir **gemeenskapsontwikkeling, werkskepping, gesondheid, onderwys en maatskaplike beskerming** oor die volgende 3 jaar.


**R827.3 miljard**
word toegewys vir **basiese dienste, behuising en openbare vervoer, ruimtelike verandering en stedelike** ontwikkeling oor die volgende 3 jaar

**R818.7 miljard**
**vir die vervaardigingsektor, klein besighede en publieke** indiensnemingsprogramme om ekonomiese groei en indiensname oor die volgende 3 jaar te steun

## 5 PRESIDENSIËLE INDIENSNEMINGS-INISIATIEF

**R7.4 billion**
is toegewys vir die presidensiële indiensnemings-inisiatief in 2024/25 ter ondersteuning van bestaan, aandryf van strukturele hervorming en om werkskepping te bewerkstellig.

## 6 REGERING NIE-RENTE EN RENTEBETALINGS AS DEEL VAN TOTALE UITGAWES




* Nie-rente uitgawe is die totale spandering deur die regering uitgesluit rente betaal op skuld.

# 2024 BELASTING-VOORSTELLE

SARS At Your Service

## PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING

### HOE BEÏNVLOED DIE VERANDERINGE PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING JOU?

Die 2024 Begroting maak geen verandering aan die belastingkoerse wat van toepassing was op die 2023/4 belastingjaar nie. Dus, die bedrag wat 'n persoon kan verdien voordat hul belasting moet betaal vir die belastingjaar, 1 Maart 2024 tot 28 Februarie 2025, is as volg:

| BELASTINGDREMPELS | BELASTINGJAAR 2023/24 | BELASTINGJAAR 2024/25 |
|---|---|---|
| Onder die ouderdom van 65 | R95 750 | R95 750 |
| Ouderdom 65 tot 74 | R148 217 | R148 217 |
| Ouderdom 75 en ouer | R165 689 | R165 689 |

Die belastingkortings vir individuele belastingbetalers is as volg:

| BELASTINGKORTINGS | BELASTINGJAAR 2023/24 | BELASTINGJAAR 2024/25 |
|---|---|---|
| Primêr (alle individue) | R17 235 | R17 235 |
| Sekondêr (ouderdom 65 en ouer) | R9 444 | R9 444 |
| Tersiêr (ouderdom 75 en ouer) | R3 145 | R3 145 |

## AKSYNSBELASTING

### TOENAME IN ALKOHOL- EN TABAKBELASTING

Spesifieke aksynsbelasting op alkoholiese drank sal verhoog met tussen 6.7 en 7.2 persent en tabakprodukte sal verhoog met tussen 4.7 persent en 8.2 persent.

| | VERHOOG MET: |
|---|---|
| Moutbier | 14c per 340ml blikkie |
| Ongefortifiseerde wyn | 28c per 750ml bottel |
| Gefortifiseerde wyn | 47c per 750ml bottel |
| Vonkelwyn | 89c per 750ml bottel |
| Appelbier en alkoholiese vrugtedrankies | 14c per 340ml blikkie |
| Spiritualieë | R5.53 per 750ml bottel |
| Sigarette | 97c per pakkie van 20 |
| Verhitte tabakstokkies | 73c per pakkie van 20 |
| Sigaret tabak | R 1.09 per 50g |
| Pyp tabak | 57c per 25g |
| Sigare | R 9.51 per 23g |
| Nikotien en nikotien-vrye oplossings vir elektroniese afleweringstelsels | 14c per ml |

## BELASTINGKOERSE

### INKOMSTEBELASTING: INDIVIDUE EN TRUSTS

Belasting betaalbaar deur individue en spesiale trusts vir die belastingjaar geëindig tussen 1 Maart 2024 en 28 Februarie 2025.

| Belasbare inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| R0 to R237 100 | 18% van belasbare inkomste |
| R237 101 tot R370 500 | R42678 + 26% van belasbare inkomste bo R237 100 |
| R370 501 tot R512 800 | R77362 + 31% van belasbare inkomste bo R370 500 |
| R512 801 tot R673 000 | R121475 + 36% van belasbare inkomste bo R512 800 |
| R673 001 tot R857 900 | R179147 + 39% van belasbare inkomste bo R673 000 |
| R857 901 tot R1 817 000 en hoër | R251 258 + 41% van belasbare inkomste bo R857 900 |
| R1 817 001 en hoër | R644 489 + 45% van belasbare inkomste bo |
| Trusts anders as spesiale trusts | 45% |

### INKOMSTEBELASTING: MAATSKAPPYE

Assesseringsjaar geëindig op enige datum tussen 1 April 2024 en 31 Maart 2025

| Tipe | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| Maatskappye | 27% van belasbare inkomste |

*Source: National Treasury*

### INKOMSTEBELASTING: KLEIN MAATSKAPPYE

Assesseringsjaar geëindig op enige datum tussen 1 April 2024 en 31 Maart 2025

| Belasbare inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| R0 tot R95 750 | 0% van belasbare inkomste |
| R95 751 tot R365 000 | 7% van belasbare inkomste bo R95 750 |
| R365 001 tot R550 000 | R18 848 + 21% van belasbare inkomste bo R365 000 |
| R550 001 en hoër | R57 698 + 27% van die bedrag bo R550 000 |

*Source: National Treasury*

### OMSETBELASTING VIR MIKRO-ONDERNEMINGS

Boekjare geëindig op enige datum tussen 1 Maart 2024 en 28 Februarie 2025

| Belasbare omset (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| R0 tot R335 000 | 0% van belasbare omset |
| R335 001 tot R500 000 | 1% van belasbare omset bo R335 000 |
| R500 001 tot R750 000 | R1 650 + 2% van belasbare omset bo R500 000 |
| R750 001 en hoër | R6 650 + 3% van belasbare omset bo R750 000 |

*Source: National Treasury*

Scan this QR code for the PDF version of this People's Guide to the Budget

**JOU OPINIE MAAK SAAK**

**HET JY DIE PUBLIEK SE GIDS TOT DIE BEGROTING NUTTIG GEVIND?**
Ons is deurentyd op die uitkyk vir nuwe maniere om hierdie gids te verbeter en sal dit waardeer indien jy jou **terugvoer en voorstelle** aan Media@treasury.gov.za